# Universiteit van Pretoria Jaarboek 2017

# BIS Inligtingkunde (12131012)

| | |
|---|---|
| **Duur van studie** | 3 jaar |
| **Totale krediete** | 415 |
| **Kontak** | Prof MA Holmner marlene.holmner@up.ac.za +27 (0)124205215 |

## Programinligting

In die huidige samelewing groei die hoeveelheid beskikbare inligting deurentyd met die gevolg dat ook inligtingbehoeftes verander en toeneem. Hierdie groei en verandering is van so 'n aard dat opgeleide inligtingtussengangers noodsaaklik geraak het. Daar bestaan dus 'n groot behoefte aan professioneel gekwalifiseerde persone wat as fasiliteerders kan optree tussen gebruikers en hul inligtingbehoeftes en die realiteit van die inligtingoorvloed.

Hierdie pakket is só ontwerp dat studente opgelei word in die bestuur, herwinning en organisering van inligting en dat hulle ook die vaardighede verwerf in waardetoevoeging tot inligting, asook die verpakking en verspreiding daarvan. Die fokus val voorts ook op die benutting van inligtingtegnologie en die verwerking van inligtingprodukte. Studente word dus die geleentheid gebied om vertroud te raak met inligting en kennis as belangrike hulpbronne in ondernemings en om vaardighede in die hantering en benutting daarvan te ontwikkel. Twee of drie spesialiseringsmoontlikhede is beskikbaar afhangende van die keusemodules wat gekies word.

## Toelatingsvereistes

- Die volgende persone sal vir toelating oorweeg word: ‘n kandidaat wat oor ‘n sertifikaat beskik wat deur die Universiteit as gelykstaande aan die vereiste Graad 12-sertifikaat met toelating vir graaddoeleindes aanvaar word; ‘n kandidaat wat ‘n gegradueerde van ‘n ander tersiêre instelling is of die status van ‘n gegradueerde van so ‘n instelling geniet; en ‘n kandidaat wat ‘n gegradueerde van ‘n ander fakulteit van die Universiteit van Pretoria is.
- Lewensoriëntering word uitgesluit by die berekening van die TPT.
- Graad 11-uitslae word gebruik vir die voorlopige toelating van voornemende studente.
- ‘n Geldige kwalifikasie met toelating vir graadstudie word vereis.
- Minimum vak- en prestasievereistes, soos hieronder uiteengesit, word vereis. Op eerstejaarsvlak het studente ‘n keuse tussen Afrikaans en Engels as taalmedium. In verskeie gevalle word lesings slegs in Engels aangebied, byvoorbeeld vir keusemodules waar die dosent nie Afrikaans magtig is nie, of indien dit nie ekonomies of prakties regverdigbaar is nie.
- Indien ‘n kandidaat ‘n TPT van 25 tot 27 behaal, sal toelating oorweeg word op grond van die uitslae van die NBT, mits die kwotas vir studentegetalle nog nie bereik is nie. ‘n Prestasievlak van 5 word vereis vir Wiskunde indien informatika gekies word as ‘n keusemodule op eerstejaarsvlak.

| Minimum vereistes |
|---|

| Prestasievlak | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Afrikaans of Engels** | | | | **TPT** |
| NSS/IEB | HIGCSE | AS-Level | A-Level | |
| 4 | 3 | D | D | 28<br>(25-27<br>toelating<br>gebaseer<br>op die NBT) |

## Ander programspesifieke inligting

Krediete word nie in alle fakulteite dieselfde bereken nie; studente moet dus daarop let dat die totale aantal krediete vir die pakket steeds tot minstens 415-458 moet lei na gelang van watter keusemodules geneem word.

# Kurrikulum: Jaar 1

**Minimum krediete: 110**

## Fundamentele modules

Akademiese oriëntasie 112 (UPO 112) - Krediete: 0.00
Akademiese inligtingbestuur 101 (AIM 101) - Krediete: 6.00
Academic literacy for Information Technology 121 (ALL 121) - Krediete: 6.00

## Kernmodules

Inligtingkunde 140 (INL 140) - Krediete: 12.00
Ondernemingbestuur 114 (OBS 114) - Krediete: 10.00
Inligtingkunde 130 (INL 130) - Krediete: 12.00
Inligtingkunde 110 (INL 110) - Krediete: 12.00
Inligtingkunde 120 (INL 120) - Krediete: 12.00
Ondernemingsbestuur 124 (OBS 124) - Krediete: 10.00

## Keusemodules

Sielkunde 120 (SLK 120) - Krediete: 12.00
Kriminologie 110 (KRM 110) - Krediete: 12.00
Politiek 120 (PTO 120) - Krediete: 12.00
Sielkunde 110 (SLK 110) - Krediete: 12.00
Informatika 112 (INF 112) - Krediete: 10.00
Kriminologie 120 (KRM 120) - Krediete: 12.00
Publieke administrasie 122 (PAD 122) - Krediete: 10.00
Politiek 111 (PTO 111) - Krediete: 12.00
Bedryf- en organisasiesielkunde 120 (BDO 120) - Krediete: 10.00
Informatika 164 (INF 164) - Krediete: 10.00
Publieke administrasie 112 (PAD 112) - Krediete: 10.00
Bedryf- en organisasiesielkunde 110 (BDO 110) - Krediete: 10.00
Informatika 154 (INF 154) - Krediete: 10.00
Informatika 171 (INF 171) - Krediete: 20.00

# Kurrikulum: Jaar 2

**Minimum krediete: 160**

## Fundamentele modules

Gemeenskapgebaseerde projek 202 (JCP 202) - Krediete: 8.00

## Kernmodules

Inligtingkunde 220 (INL 220) - Krediete: 20.00
Ondernemingsbestuur 220 (OBS 220) - Krediete: 16.00
Ondernemingsbestuur 210 (OBS 210) - Krediete: 16.00
Kommunikasiebestuur 220 (KOB 220) - Krediete: 16.00
Inligtingkunde 240 (INL 240) - Krediete: 20.00
Inligtingkunde 210 (INL 210) - Krediete: 20.00
Kommunikasiebestuur 210 (KOB 210) - Krediete: 16.00

## Keusemodules

Informatika 214 (INF 214) - Krediete: 14.00
Inligtingkunde 260 (INL 260) - Krediete: 20.00
Inligtingkunde 270 (INL 270) - Krediete: 20.00
Informatika 271 (INF 271) - Krediete: 14.00
Informatika 225 (INF 225) - Krediete: 14.00
Inligtingkunde 230 (INL 230) - Krediete: 20.00
Informatika 261 (INF 261) - Krediete: 7.00
Informatika 272 (INF 272) - Krediete: 14.00

# Kurrikulum: Finale jaar

**Minimum krediete: 145**

## Kernmodules

Inligtingkunde: Inligtingsorganisasie 310 (INL 310) - Krediete: 30.00
Inligtingkunde 370 (INL 370) - Krediete: 15.00
Inligtingkunde: Inligting- en kennisbestuur 320 (INL 320) - Krediete: 30.00

## Keusemodules

Informatika 324 (INF 324) - Krediete: 15.00
Informatika 315 (INF 315) - Krediete: 15.00
Inligtingkunde: Digitale pakhuise 340 (INL 340) - Krediete: 30.00
Inligtingkunde: Kompeterende intelligensie 380 (INL 380) - Krediete: 30.00
Inligtingkunde: Sosio-politiese aspekte van inligting binne 'n globale konteks 360 (INL 360) - Krediete: 30.00

Die inligting wat hier verskyn, is onderhewig aan verandering en kan na die publikasie van hierdie inligting gewysig word.. Die Algemene Regulasies (G Regulasies) is op alle fakulteite van die Universiteit van Pretoria van toepassing. Dit word vereis dat elke student volkome vertroud met hierdie regulasies sowel as met die inligting vervat in die Algemene Reëls sal wees. Onkunde betrefffende hierdie regulasies en reels sal nie as ‘n verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.